

Tema: God se oes is ryp. Waarvoor wag ons?

Voorlesing: Johannes 4: 1-42

Preekteks: “*Sê julle nie: ‘Nog vier maande, dan is die oes daar’ nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes. Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly. Hier is die gesegde waar: ‘Die een saai, en die ander een maai.’” (Joh. 4:35-38)*

Algemene opmerking oor die rol van vroue in Jesus se bediening, volgens Johannes.
Johannes beskryf by sewe geleenthede die aandeel van vroue in Jesus se bekendstelling.

- **Sy moeder**, by sy eerste wonderwerk: water word wyn (Joh. 2:1-12)
- **Die Samaritaanse vrou**, by sy eerste sendingwerk: Samaritane glo in Hom (Joh. 4:1-42)
- **Die vrou wat op owerspel betrap is**, by sy eerste openlike konfrontasie met die skrifgeleerdes en Fariseërs (Joh. 8:1-11), hy veroordeel haar nie
- **Marta en Maria**, by die opwekking van Lasarus, Hy openbaar sy mag oor lewe en dood (Joh. 11:25)
- **Maria** wat Hom salf vir sy begrafnis, Hy laat haar toe (Joh. 12:1-8)
- **Die vrou** wat by sy kruis staan, Hy sien hulle raak (Joh. 19:25) en...
- **Sy moeder** wat Hy in Johannes se sorg laat en Johannes in haar sorg (Joh. 19:26)
- **Maria Magdalena** aan wie Hy eerste verskyn na sy opstanding, Hy gee haar opdrag (Joh. 20:17)

Ons vind dit vandag miskien nie vreemd nie, maar in die wêreld van destyds was dit tog iets uitsonderliks.
Jesus het hiermee ook die wil van God duidelik gemaak.

Hierdie is seker een van die mooiste verhale in die hele Bybel.

Letterkundig, juweel. Die storielyn met ontknoping en al, boeiend. Maar dis veral om God en die wil van God beter te ken wat dit so wonderlik is. Wie hierop voortbou het Godgegewe fondament onder sy bouwerk.

Wat is dan so “fundamenteel” hierin?

1. Wie Jesus is

Hy is gewone mens, want Hy word moeg en dors (v 6). Wanneer ons ook moeg raak en menslike swakheid toon moet ons dit nie sien as iets wat ons ongeskik maak om God te dien nie. **Hy is ook ware God**, want Hy sien die vrou se diepste nood raak en moedig haar aan om haar ewige hulp by Hom te kom soek (v 10). Verder ken Hy die Vader persoonlik en praat met gesag oor Hom... Ons doen reg as ons na Hom luister.

2. Wie die Vader is en wat sy wil is

God is Gees en sy wil is dat die wat Hom aanbid Hom deur die Gees en in waarheid aanbid. (v 23). Hy kan dus nie ingeperk en met die gewone oog gesien word nie. Ons moet Hom ook nie aanbid met bymotiewe nie, want die “Gees van waarheid” sal dit nie toelaat nie.

3. Waar Jesus se krag vandaan kom

“My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi (v 34). Hierdie getuienis en voorbeeld van Jesus gee vir ons die versekering dat die Vader ons sal staande hou, solank ons sy wil doen.

4. Wat ons fokus moet wees

Daar was blykbaar gesaaides op die lande in die omgewing, maar dit was nog nie oestyd nie. Jesus sien egter die geestelik oes raak (die Samaritane wat uit die dorpie na Hom toe aangestap kom) en vestig sy dissipels se aandag op hulle. As die Here vir ons die opdrag gee om sy oes (waar ook al) te gaan insamel, sal Hy ons help en moet ons Hom vertrou.

5. Waarvoor wag ons?

Dis baie slegte ding as ander mense jou werk uit jou hande kom vat. Dit maak jou lui en laat jou onwaardig voel. Soms is dit ons eie skuld as hulle dit doen, want ons het te veel besware en dinge waarteen ons opsien.

Glo ons die Woord van God en die aanmoediging van die Heilige Gees?

6. Watter aanmoediging is daar vir ons?

- God se oes is ryp. Die mensdom verstaan nie hulle eie dors na God nie.
- Die “saad” wat ons saai is goed, want dis die goeie nuus oor God.
- Die “oes” wat ons inbring is vir ewig, want hulle behoort aan God.
- “Saaiers” en “oesters” kan saam bly wees, want die beloning is dadelik.
- Die “beloning” is dadelik, want ons beleef nuwe verhoudinge met mense en met God, maar ook vir ewig, want ons sal ewig by Hom wees.
- Ons mag die oes insamel wat deur ander gesaai is, en hulle mag dit ook doen met “saad” wat ons gesaai het.

Toerusting (tydens erediens)

Ons kyk na enkele van die redes waarom ons mekaar moet aanmoedig om doelbewus deel te neem aan die verspreiding van die evangelie. Met sewe woorde wat met die letter “g” begin probeer ons dit onthou:

Gehoorsaamheid (Mat 28:19)

Geluk (Joh. 14:9-11)

Geleentheid (Joh. 4:35-37)

Geneentheid (Mat 9:36)

Gebed (Mat 9:37)

Geloof (Luk 18:7,8)

God (Mark 1:1 en Hand 17:30,31)